LEBOWA REGERINGSDIENS.

KANTOOR VAN DIE:

MAGISTRAAT,
NAPHUNO,
LEBOWA REGERINGSDIENS,
PRIVAATSAK 4027,
TZANEEN.

Verw.Nr.: 6/3 Batlhabine.
Navrae : Mnr Boon.
Telefoon: Letaba 41.

24 Februarie 1971.

DIE HOOFDIREKTEUR,
OWERHEIDSAKE EN FINANSIES,
PRIVAATSAK 7934,
<u>PIETERSBURG</u>.

HERSAMESTELLING VAN DIE BATLHABINE STAMOWERHEID.

Vir u inligting heg ek hierby aan 'n afskrif van die Etnoloog se skrywe 36-04 van 27 Oktober 1970 tesame met afskrifte van die aanhangsels daarin genoem.

Die verder verloop van sake is geskets in my diensbrief van 17 Desember 1970 aan die Etnoloog, 'n afskrif waarvan aan u gestuur is tesame met 'n versoekskrif vir die verwydering van Charles Solomon Mogoboya.

In antwoord op my genoemde diensbrief het die Etnoloog geskryf dat hy akkoord gaan met die samestelling van die stamowerheid soos deur die stam gevra. Hy het verder die mening uitgespreek dat dit slim strategie van die Kaptein sou wees indien hy juis vir Charles Solomon op sy stamowerheid sal laat dien want as hy lid is, 'n taak het om te verrig en mederverantwoordelik is vir die besluite wat in die stamowerheid geneem word, Charles Solomon minder geleentheid sou hê om kattekwaad aan te vang. Indien hy egter weggelaat word, sal hy gegrief voel en rede hê om te vermoed dat daar agter sy rug gekonkel word.

Op 20 Januarie 1971 het die Kaptein my besoek en wou verneem hoedat daar met die verwydering van Charles Solomon gevorder is. Ek het hom meegedeel dat op die stukke wat aan my voorgelê is daar nie genoegsame getuienis blyk te wees om so 'n drastiese stap te regverdig nie. Verder het ek die Kaptein van die Etnoloog se sienswyse verwittig. Hy was egter baie beslis teen die voorstel gekant en het aangedring op die verwydering van Charles Solomon en het beweer dat laasgenoemde nog steeds besig is om sy gesag te ondermyn. Dit is dus duidelik dat Charles Solomon nie vir die Kaptein op die stamraad aanvaarbaar is nie. In 'n afsonderlike skrywe rapporteer ek verder oor die versoek om sy verwydering.

Op 'n stamvergadering gehou op 29 Januarie 1971 en waarop die oorgrote meerderheid van die hoofmanne teenwoordig was, is die stamowerheidsledelys, soos deur die Kaptein op 31 Oktober 1970 opgestel, aan die vergadering voorgelees.

Hulle het akkoord gegaan met die weglating van Charles Solomon Mogoboya. Hulle het egter nie ingestem met die weglating van Jackson Mogoboya nie(die Kaptein se halfbroer). Die Kaptein het my toe meegedeel dat laasgenoemde weglating 'n fout was en gevra dat sy naam tot die lys toegevoeg word. Die Bakgomana van die stam wat dus lede van die stamowerheid is, is soos volg:

i) Piet Tamane Mogoboya;
ii) [illegible]

south african history archive

36-04

(v) Abram Thabe Mogoboya.

Verder het hulle akkoord gegaan met die lys van hoofmanne en ook met die toevoeging, ingevolge regulasie 1(1)(b) van Bylae A van Proklamasie R115 van 1969, van die volgende persone:

a) H.E.Rakgoale
b) Andries Machete
c) Jackson Phalane en
d) Alex Mogale.

Voorts het hulle ingestem met die benoeming van H.E.Rakgoale as die stamverteenwoordiger by Streeks- en Gebiedsowerheidvergaderings.

Hierdie stamowerheid, om te voldoen aan regulasie 1(1) van Bylae A van Proklamasie R115 van 1969, sal dus uit 52 lede moet bestaan, tewete:

die Kaptein,
vyf Bakgomana,
Twee-en-veertig hoofmanne en
vier addisionele lede van die stam wat die Kaptein met die instemming van die diensdoende raadsmanne as raadsmanne aangestel het. Inagnemende die grootte van die stam, die groot aantal hoofmanne en Bakgomana, is die byvoeging van vier addisionele lede as raadsmanne redelik.

Dit sal op prys gestel word indien u die nodige stappe sal doen vir die wysiging van Bylae B van Goewermentskennisgewing nr. 3131 van 15 Augustus 1969 sodat die Batlhabine stamowerheid nou uit 52 (twee-en-vyftig) lede mag bestaan.

MAGISTRAAT, NAPHUNO.

DEPT. VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING
ETNOLOOG/ETHNOLOGIST
8 -3-1971
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG 9322
PIETERSBURG
DEPT. OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

Die Etnoloog,
p/a die Hoofbantoesakekommissaris,
Privaatsak 9322,
Pietersburg.

Afskrif ter inligting. U 36-04 van 11 Januarie 1971. Abram Thabe en Johannes Thabe is twee verskillende persone.

MAGISTRAAT/MASET...

South African History Archive SAHA